## Week 6:

## “Ek is wingerdstok en julle die lote...”

## WORD SOOS JESUS...

## VOLG JESUS...




### Johannes 15:1-10

### Inleiding

Kyk na die volgende clip:

https://www.ted.com/talks/robert_waldinger_what_makes_a_good_life_lessons_from_the_longest_study_on_happiness

Dit is die resultate van ‘n 80 jaarlange studie deur Harvard Universiteit om te bepaal wat is dit wat mense werklik gelukkig maak. Een van die gevolgtrekkings uit die studie is: :
*“The surprising finding is that our relationships and how happy we are in our relationships has a powerful influence on our health,”* said Robert Waldinger, director of the study, a psychiatrist at Massachusetts General Hospital and a professor of psychiatry at Harvard Medical School*. “Taking care of your body is important, but tending to your relationships is a form of self-care too. That, I think, is the revelation.”*
Close relationships, more than money or fame, are what keep people happy throughout their lives, the study revealed. Those ties protect people from life’s discontents, help to delay mental and physical decline, and are better predictors of long and happy lives than social class, IQ, or even genes. That finding proved true across the board among both the Harvard men and the inner-city participants.

**Watter lesse leer ons hieruit oor die belangrikheid van konneksie?**

Lees **Johannes 15:1-10**

- **Jesus sê: Konneksie maak die lewe moontlik, konneksie met Jesus red ons...** dit is die enigste manier hoe ons gaan bly leef, oorleef en vrugbaar/betekenisvol leef. Hy gebruik die eenvoudige beeld van ’n druiwestok en lote om dit te probeer verduidelik.

  Wat wil die volgende verse daaroor sê?

  **v 1-2,**

  **v 5-6**

- **In COVID-tyd is konneksie amper die heel moeilikste**. Wat mis julle en hoe doen julle konneksie in hierdie tyd, met familie en vriende?

- **Jesus se opdrag** is nie om vrug te dra nie, maar eerder **om in Hom te bly – v 4, 5, 6, 7, 9, 10.** Hoe bly ons is Jesus? Praat as groep hieroor en gee vir elkeen kans om te sê hoe hulle "***in Jesus bly".*** Wat doen hulle en wat help hulle om in Jesus te bly.

  Dalk moet julle 'n lys maak van die sake wat julle as groep besluit, julle gaan doen om in Jesus te bly.

- Onthou: **Die uitdaging is steeds om soos Jesus te wees/word**. Dit is **Jesus se konneksie met sy Vader** wat sy lewe op aarde moontlik maak. Wat kan ons uit hierdie gedeelte aflei oor hierdie verhouding? **Kyk na:**

  **vers 1,**

  **vers 2,**

  **vers 7,**

  **vers 9,**

  **vers 10**

- Aan die einde van hierdie reeks, is dit dalk goed om te "re-cap". **Watter van Jesus se uitsprake** ("Ek is brood... lig… goeie Herder… opstanding… we gen waarheid en lewe… wingerstok…") **het vir jou op hierdie stadium in jou lewe die meeste waarde.**

**Dit is ons konneksie met Jesus wat die enigste bron is van lewe – Joh 15:5.** Sonder Hom kan ons niks doen nie.

Die challenge is om hierdie konneksie gesond te hou en daarin te belê. **Hoe gaan julle as groep mekaar hiermee help?**

***"The only basis for fruitful Christianity (the only source of our power) is divine union, connection."***

**Richard Rohr**

**Sluit hierdie Bybelstudie af deur spesifiek vir mekaar hiervoor te bid.**